

1 Julie 2010

Jaargang 3 – Uitgawe 21

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad



Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)

## VOORBLAD

### Kerkplanting

**Ons beleef dit al hoe meer dat predikante van die Kerk in ander lande betrokke raak by die bediening van die evangelie. Die emigrasie van lidmate bied nuwe geleenthede en uitdagings aan die Kerk. Dr Gert Volschenk deel hier sy perspektief en sy gesin se belewenis met ons lesers. Hulle situasie getuig daarvan dat waar 'n deur toegaan, maak God weer 'n venster oop.**

Kerkplanting is eintlik 'n teenstrydige begrip. Die mens kan nie die kerk stig nie. God alleen roep uit die totale menslike geslag vir Hom 'n kerk bymekaar. Hy alleen is die Hoof en Heer van die kerk, die begin en die einde. Ons kan alleen uit gehoorsaamheid aan God se roepstem en sy Woord die evangelie verkondig. Die geloof is deur die verkondiging van die Woord, deur hulle wat deur God gestuur is (Rom 10: 14-15).

Wanneer ons oor kerkplanting of kerkstigting praat, kan ons nie anders nie as om in die voetspore te volg van die leermeesters voor ons, veral die apostel Paulus. Ek wil graag aansluit by enkele gedagtes van Paulus se brief aan die Filippense in ons nadenke oor kerkplanting.

Die eerste gedagte rondom kerkplanting is dat die boodskap altyd Christosentries is. Ons bely dat God self sy kerk stig en onderhou deur Woord en Gees. Ons taak en roeping as diensknegte is om die evangelie van Jesus Christus te verkondig, *sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: 'Jesus Christus is Here!' tot eer van God die Vader* (Fil 2: 10-11). Dit is die primêre doel en roeping van die kerk om die evangelie te verkondig sodat al meer en meer mense tot geloof kan kom deur die werking van die Gees.

Die tweede gedagte is Filippense 3: 7-8: *Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee...* Dit het vir ons gesin beteken om ons land en familie te verlaat, ons Kerk, medegelowiges, kollegas, historiese kerkgeboue, kansels, kerkorrel en orreliste, gevestigde administratiewe sisteme en alles wat kerkwees vir ons beteken. Ons het alles wat vir ons kosbaar is en met die Kerk geassosieer is, verlaat ter wille van Christus en die uitbreiding van sy koninkryk.

Die laaste gedagte is dat ons net een wens het, en dit is om Christus ons Here te ken en die krag van sy opstanding te ervaar. Ons doen dit alles met die gesindheid wat Paulus in Filippense 4: 4-7 beskryf, naamlik met blydskap en die vrede van God. Hy is altyd by ons en ons *is tot alles in staat deur Hom wat ons krag gee* (Fil 4: 13). Ons pak dus hierdie uitdaging van kerkplanting met blydskap, geloof, volharding en entoesiasme aan, want God is met ons, Hy dra ons en gee vir ons die krag om dit te doen tot sy eer en die uitbreiding van sy koninkryk op aarde.

Die ACK Whangarei-gemeente is deel van die groter Afrikaanse Christelike Kerk van Nieu-Seeland en het ontstaan deur die Gees van God wat in die harte van mense gewerk het om in hul eie taal die Here te dien en te aanbid.

## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)  
Die Hervormer [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)  
e-Hervormer [www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)  
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op [www.hervormer.co.za/cancel.html](http://www.hervormer.co.za/cancel.html)

Dr Gert Volschenk, Nieu-Seeland



# BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za) te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

## Beroep ontvang

- **Ds Kobus Venter** (beroepafwagtend) na Bothaville

## Beroep aanvaar

- **Ds Kobus Venter** (beroepafwagtend) na Bothaville

# PREDIKANTE EN GEMEENTES

- Emerituspredikant **ds Gert Roos** is reeds twee weke lank in die Midmed-hospitaal in Middelburg. Die Kerk se voorbedding word vir ds Roos en sy vrou, Ans, gevra. Ds Roos word in September 93.
- Dit gaan beter met emerituspredikant **ds PM Smith** nadat hy ernstig siek was met longontsteking. Hy is steeds swak en voorbedding word vir hom gevra. Ds Smith is vanjaar 92 jaar oud.
- **Ds Herman Gothan** van Gemeente Heilbron is na sy motorongeluk van Vereeniging af oorgeplaas na Unitas-hospitaal in Centurion. Daar is 'n insnyding in sy lugpyp gemaak vir 'n apparaat om sy asemhaling te stimuleer, en daar is reeds tekens van verbetering. **Ds Nico Brayshaw** help intussen met die bearbeiding en die eredienste in die gemeente.
- **Die volgende predikante verjaar in die komende week.** Hartlik geluk!
  - Vrydag 2 Julie: Di Wynand de Beer en Martin Jansen van Rensburg
  - Sondag 4 Julie: Ds Flip Snyders
  - Maandag 5 Julie: Prop Carusta van der Merwe
  - Woensdag 7 Julie: Ds Marna Naudé
  - Donderdag 8 Julie: Ds Geo Smit
- **Gemeente Bothaville**, wat geruime tyd reeds vakant is sedert die vertrek van ds Attie Hattingh na Delareyville, ontvang eersdaags sy nuwe predikant, **ds Kobus Venter**. Ds Venter het reeds sy intrek in die pastorie geneem en werk in die gemeente. Sy bevestiging sal plaasvind nadat die skole heropen het.
- **Gemeente Sannieshof** ontvang sy nuwe predikantspaar, **ds en mev Paul Kern**, op Sondag 25 Julie. Meer besonderhede sal later deurgegee word.
- Die **kamp** vir minderbevoorregte kinders wat van 21 tot 27 Junie naby Hoedspruit aangebied is, het goed afgeloop. Die kamp is gereël deur **Gemeente Phalaborwa** en die **Algemene Diakensvergadering (ADV)**. Die kamp is gefinansier deur die ringe van Laeveld, Middelburg en Pretoria-Wes, en met verskeie ander bydraes, onder meer van die NHSV Hoofbestuur, Doulos-armoedebediening, die Kommissie van die ADV, en gemeentes Phalaborwa en Welgelegen-Pietersburg.
- Die **Almanak-inligting** van 73 gemeentes en 15 ringe is nog uitstaande, ten spyte van herhaalde aanmanings. Die besonderhede moet **teen Maandag 5 Julie OP DIE LAATSTE** gestuur word na [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za). Die verdere hantering van die inligting en die samestelling van die nuwe *Almanak* is 'n lang proses, wat nou onnodig vertraag word. Dit is gemeentes se verantwoordelikheid om korrekte en opgedateerde inligting vir opname in die *Almanak* te voorsien.

## Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Bloemfontein-Wes** vier vanjaar hul 40ste bestaansjaar oor die naweke van 13-15 en 20-22 Augustus. Daar is reeds begin met die samestelling van 'n feesprogram en gedenkalbum. Oudlidmate wat die feesviering wil bywoon



of dokumente, foto's en staaltjies aan die gemeente wil stuur, kan die skriba, Santie Hamman, kontak by 082 829 7468, of die sekretariële beampte, Willemien Bloem, by 083 658 6753. Stuur bydraes per e-pos na [wilred@telkomsa.net](mailto:wilred@telkomsa.net) of [ljstrauss@lantic.net](mailto:ljstrauss@lantic.net).

## Kampe en toere

- **27 September tot 1 Oktober: Ondersteuningsraadkamp**  
Koste R750 per kind  
Kontak Suzanne van Deventer by [oraad@telkomsa.net](mailto:oraad@telkomsa.net), 012 325 2320 of 071 684 7789 om 'n kind te borg

## Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Losberg in Fochville: Jagpakket trekking 2 Julie**  
Vir diakonale dienswerk  
5 pryse te wen vir R50: blouwildebees, blesbok, lam, vark en 4 kg biltong  
Skakel 018 771 2617 om in te skryf
- **Gemeente Ottosdal: Afrikaanse sangkompetisie Saterdag 31 Julie**  
Aspirantsangers tussen 13 en 23 jaar, wen R3 000, R1 500 of R500  
Sluitingsdatum vir inskrywings **Vrydag 16 Julie**  
Navrae aan Adri Botha by 082 403 5051
- **Gemeente Vanderbijlpark-Suid: Jagpakket sluit 16 Julie**  
Wen wild ter waarde van R6 000 en verblyf  
R50 inskrywingsgeld (inskrivingsvorm by [info@nhksuid.co.za](mailto:info@nhksuid.co.za))  
Kontak Anneline Grey by 016 932 2744 (kantoorure) of [info@nhksuid.co.za](mailto:info@nhksuid.co.za)
- **Gemeente Roedtan: Buffeljagkompetisie trekking 14 Augustus**  
R50 per kaartjie  
1ste prys: Buffelkoei, 2 blouwildebeeste, koedoe, blesbok, rooibok en akkommodasie vir 10 vir vier dae  
2de prys: Voël jag en akkommodasie vir 10 vir twee dae  
Kontak ds Thys Redelinghuys by [jagkompetisie@gmail.com](mailto:jagkompetisie@gmail.com), 082 416 7724, of faks 086 518 9110  
Bankrekening: Absa Spaar; takkode 632 005; rekeningnommer 924 227 4630
- **Gemeente Derdepoort: Vleis**  
Wildswors R38 per kg en wildsvleissalami's R100 elk  
Boerewors, maalvleis en kookvleis ook beskikbaar  
Skakel ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402 om te bestel
- **Gemeente Derdepoort: Sonkrag**  
Vervang geisers met sonkragtoestelle  
Kontak ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402
- **Gemeente Derdepoort: Barmhartigheidsprojek**  
Donasies benodig van blikkieskos, niebederfbare kos, klere en breekgoed  
Sal dit kom haal!  
Skakel ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402

## Basaars en markte

- **Vrydag 2 Julie: Gemeente Losberg Biltongaand**  
Wilds- en beesbiltong, brode, konfyte, kaas en ander lekkernye  
Trekking van jagpakket  
Thys die Bosveldklong sing en behartig veiling van Bloubul- en Springbok-memorabilia  
Kontak ds Ernest Marran by 018 771 2340 of 082 444 1089
- **Einde Julie: Bulawayo**  
15 gesinne  
Benodig koekmeel, suiker en enigiets wat by 'n basaar verkoop kan word  
Moenie te groot wees om na Zimbabwe te vervoer nie  
Geldelike bydraes ook welkom  
Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 of [fanie@nhk.co.za](mailto:fanie@nhk.co.za)



- **Vrydag 30 Julie tot Sondag 1 Augustus: Gemeente Buffelspoort Buffelfees**  
ATKV Buffelspoort (Mooiwooi)  
Burger le Roux (wenner Supersterre 2010), Jennifer Zamudio, Guillaume en Staalraad  
Bergwedloop oor 5, 10 en 15 km  
Kunsmarkstalletjies en baie vermaak  
Kontak ds Neels van Tonder by 072 633 3367 of [nvtonder@vodamail.co.za](mailto:nvtonder@vodamail.co.za)
- **Vrydag 30 tot Saterdag 31 Julie: Gemeente Premiermyn Warmwinterfees**  
Zonderwaterweg, Cullinan (R515)  
Smulkos, pretvermaak vir kinders, vlooiemark en veiling  
Wen 'n Ford Bantam-bakkie vir slegs R100  
Wenner bekendgemaak op 17 September tydens NHSV se Stomstreke en kuieraand  
Navrae aan Alta by 082 682 1252, Annetjie by 082 921 8200 of Piet by 083 230 1135
- **Saterdag 11 September: Gemeente Meyerspark Stoepsittersfees**  
Fondsinsameling vir blanke plakkerskampe in Pretoria  
Wen 'n 1.3 Ford Bantam-bakkie vir slegs R250  
Kontak Fred Paynter by 083 226 8299 of [mwpaynt@mweb.co.za](mailto:mwpaynt@mweb.co.za), of die skriba, Simon Kotze, by [nhmeyerspark@lantic.net](mailto:nhmeyerspark@lantic.net)

## ANDER NUUS

- **Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV)** kom op **Donderdag 15 Julie** in 'n buitengewone vergadering byeen. Dit sal waarskynlik die tweede laaste vergadering van die huidige Kommissie wees voor die 69ste AKV.
- **Die Moderamen** vergader op **Donderdag 22 Julie** in 'n voldagvergadering. In opdrag van die Kommissie van die AKV word gesprekke met predikante, ampsdraers en lidmate gevoer.
- **Beplanning vir die 69ste AKV** vorder goed en is op skedule. Op **Vrydag 2 Julie** kom die Administrateur en personeel wat betrokke is by die reëlings byeen om met die beplanning wat reeds verlede jaar begin het, voort te gaan. Omdat die Aula nie beskikbaar is as vergaderplek nie, moet heelwat aanpassings gedoen word om sake vlot te laat verloop. Die uitstekende samewerking van die kerkraad en predikant, ds Peet Esterhuizen, van Gemeente Wonderboom help om probleme uit die weg te ruim. Die vorige Administrateur, mnr Leon de Munnik, is lid van die kerkraad en met sy kennis van reëlings vir 'n AKV word sake verder vergemaklik. Die gemeente het reeds hul lapa vergroot sodat afgevaardigdes gemaklik geakkommodeer kan word tydens teepouses.
- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.
  - Maandag 5 Julie: Ons Tuis Beleggingskomitee; Ons Tuis Finansiële Komitee

## KOMMENTAAR

“Na aanleiding van die voorbladberig van 24 Junie wil ek net noem dat daar op voetsoolvlak, weg van die raadskamers, kantore, konsistories, ensovoorts, tog 'n groot mate van welwillendheid onder baie Suid-Afrikaners te bespeur is. Mense van alle vlakke kom bymekaar en deel die enorme Sokkerskouspel wat deur miljoene mense wêreldwyd aanskou en geniet word. Suid-Afrika is nie die eerste land in die wêreld wat so 'n byeenkoms hou nie, daar is baie ander lande wat dit gedoen het, en natuurlik spook hulle vir jare daarna om die las wat so 'n skouspel teweeg gebring het, te verlig.

As ons egter voortgaan met die gedurige negatiewe en swartgalligheid, sal Suid-Afrika nooit verander nie. Ek is nie naïef oor alles wat mense daagliks tot vervelens toe opnoem nie. Die vraag wat ek my moet afvra, is: Wat doen ek? Wat doen ek, wat deel was van die toepassing van die onreg van die verlede, om dinge te verbeter? Natuurlik gaan die *volmaakte* Suid-Afrika nie gou gebeur nie. Maar omdat ek 'n navolger van Jesus is, kan ek tog 'n verskil maak. Terloops, daar is steeds van die ouer mense wat nie die Engelse kan of wil vergewe nie, al noem hulle hulself Christene.

Die laaste twee paragrawe van ds Dreyer-Krüger se berig is baie belangrik. As ons almal doen wat daar staan, gaan daar reeds 'n verskil wees, al is dit net by 'n individu. Kom ons raak betrokke, kom ons wees en leef kerk buite die mooi geboue wat so baie van ons as die begin en einde van Christenskap beskou. Die grootste vreugde wat 'n mens kry, is wanneer jy onder andere 'n brood na 'n *shelter* toe neem en vir hulle wat nie het nie, gee – en nog meer, om saam met hulle rondom



die Woord van die Here te verkeer en te bid. Wanneer jy daar is, vra jy nie hoekom jy daar is nie, jy loop in die voetspore van Jesus, jy is kerk in aksie. En dít is nie 'n illusie nie!"

Danie le Roux, Vaalpark

## ADVERTENSIES

### RIETFONTEIN-OORNAG (PRETORIA)

Selfsorgeenhede

- gerieflik, netjies, stil, selektief
- naby hospitale, hoofweë, sentrums
- mandjie-ontbyt op aanvraag
- bekostigbaar
- veilige parkering

Kontak Adaleen by 083 345 7717

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die **e-Hervormer** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing**: u naam + **e-Hervormer Ads**.

Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

Advertensies kan ook in **Konteks** geplaas word. Reël dit asseblief met mej Izelle Marx by **grafies@nhk.co.za** of 012 322 8885 x238. Die koste is soos volg:

- Halfblad (185 x 125 mm): R1 600 (+ BTW)
- Kwartblad (90 x 125 mm): R800 (+ BTW)
- Agtsteblad (90 x 60 mm): R500 (+ BTW)
- Snuffelgids (met 'n maksimum van 40 woorde): R100 (+ BTW)

## AGTERBLAD

### Van der Hoff se Dasprojek 2010

**Van der Hoff Teologiese Vereniging verkoop vanjaar weer dasse om die fondse van Van der Hoff te steun en om waar nodig hulp aan studente te verleen.**

Op 24 Maart 1924 het die Hervormde Kerk hierdie vereniging vir hul teologiestudente gestig. Die doel was om die teologiestudente van die Kerk saam te bind en hulle die geleentheid te gee om mekaar te slyp en te leer. Van der Hoff het vanjaar 'n ledetal van 55 studente. Die bestuur bestaan uit vier lede, en daar is 'n aantal konvenors wat verantwoordelik is vir die onderskeie projekte.

Daar is vanjaar twee verskillende dasontwerpe. Die dasse kos R110 elk. Vir navrae en bestellings, kontak Lisa-Mari Swanepoel by 083 943 4561, of stuur 'n e-pos na **lisamari.swanepoel@gmail.com**.

Daar is ook 'n volledige weergawe (met foto's) van hierdie nuusbrieff beskikbaar, wat gewoonlik ongeveer 400-500 KB groot is. Vind dié volledige weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur 'n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.